

Publication: RekordNorth-Noord (Main)

Publication Date: 10 Nov 2017

Circulation: 39850 Page: 20 Part: 1 of 1

Noord-Gauteng vereer stoeiers vir prestasies

Noord-Gauteng Stoei se spoggerige merietetoekenningsfunksie, wat die afgelope naweek by die Blikkantien Restaurant by die Voortrekkermonument aangebied is, het onteenseglik as getuienis gedien dat dié vereniging loshande Suid-Afrika se beste stoeiers oplewer.

Statistieke wat deur die vereniging se president, Jurie Human, bekendgemaak is, het ook bewys dat Noord-Gauteng Stoei nie net regoor die wêreld op die stoeimat presteer nie, maar dat die sport ook steeds in Pretoria groei.

Noord-Gauteng Stoei het in 2017 'n positiewe groei van 16 persent in die aantal stoeiers getoon wat by die vereniging se 12

klubs geregistreer het. Altesaam 724 stoeiers was vanjaar aktief onder die vaandel van die vereniging, terwyl daar ook 'n groei van 15 persent onder die aktiewe administrateurs was

Human het gesê die feit dat die vereniging oor soveel puik administrateurs en skeidsregters beskik, is 'n deurslaggewende faktor wat hulle in staat stel om van die land se grootste toernooie te kan aanbied.

Onder hierdie florerende getalle het dit vanjaar weer gewemel van kampioene.

Die vereniging se stoeiers het vanjaar 147 medaljes by die nasionale kampioenskap ingeryg. Hiervan was 65 goue medaljes, terwyl 41 stoeiers silwermedaljes gewen het en 41 met bronsmedaljes huis toe kon gaan.

Noord-Gauteng Stoei se oorheersing is verder onderstreep deur die feit dat dié vereniging 12 van die moontlike 19 trofees by die nasionale kampioenskap verower het. Die vereniging se Bulls-span het die

gesogte Noordvaal-toernooi vanjaar vir 'n rekord 14e keer gewen, terwyl die kadette span sewe medaljes van die Afrikakampioenskap teruggebring het.

Die meesters van Noord-Gauteng Stoe



Noord-Gauteng Stoei se top presteerders van 2017 spog met hul prestige toekennings by die vereniging se meriete toekenningsgeleentheid die afgelope naweek. Foto: Marelize Taliaard

het ook hul deel gedoen deur agt medaljes by die wêreldkampioenskap in Bulgarye te

Onder dié medalies tel Willem Putter se twee goues (een elk in vrystyl en Grieks-Romeinse-styl), wat sy status as wêreldster in die gemeenskap van meesterstoeiers onderstreep het.

Putter is as Noord-Gauteng Stoei se beste meesterstoeier aangewys

'n Taai stryd het oudergewoonte geheers

tussen Noord-Gauteng Stoei se twee topklubs toe die liga-trofees uitgedeel is.

Centurion en Tuks het dié afdeling oorheers en Centurion het uiteindelik met 'n kortkop as die beste klub uitgestaan.

Dié klub, wat die vereniging se A-liga wenners was, is ook as 2017 se klub van die jaar aangewys

Mika Lehmkuhl (o.15) en Edrich Nortjé (0.17) was die uitstaande sterre toe die prestige toekennings bekendgemaak is

Hierdie twee stoeiers is albei tweemaal vereer, deurdat hulle in beide die vrystyl en die Grieks-Romeinse-styl as die vereniging se beste stoeiers in hul ouderdomsgroep aangewys is

AVE: 22684.53

Reynard Louw (o.20) en Gertjie Coetzee (senior) was die ander wenners in die vrystylafdeling, terwyl Brandon Kidson (o.20) en Josef de Beer (senior) as die beste stoeiers in die Grieks-Romeinse-styl aangewys is.



